higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT REKENAARS
NKR VLAK 2

(10040052)

1 Maart 2018 (X-vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars kan gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNT: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer jou antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Sketse moet netjies wees.
5. Die onderafdelings van vrae mag NIE geskei word NIE.
6. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf in die ANTWOORDBOEK slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) neer.

1.1.1 'n Vastefunksie-IS-pakket wat vier EN-hekke bevat, is 'n voorbeeld van ...

A MSI.
B SMT.
C SOIC.
D SSI.

1.1.2 Die afvoer van 'n EN-hek is HOOG indien ...

A enige toevoer HOOG is
B alle toevoer HOOG is
C geen toevoer HOOG is
D sowel A as B

1.1.3 Die toestel waarmee 'n binêre getal in 'n 7-segmentvertoonformaat omgesit word, is 'n ...

A multiplekser
B enkodeerder
C dekodeerder
D register

1.1.4 'n Omkeerder ...

A voer die NIE-operasie uit
B Verander 'n HOOG in 'n LAAG.
C Verander 'n LAAG in 'n HOOG.
D doen al die bogenoemde.

1.1.5 'n Voorbeeld van 'n datageheuetoestel is ...

A die logikahek.
B die wipbaan.
C die register.
D sowel A as D

NCV

1.1.6 'n Rekenaar kan met mensgebruikers kommunikeer 'n danksy afvoertoestel soos 'n ...

A sleutelbord.
B beheerstok.
C muis.
D monitor.

1.1.7 Hibriedrekenaars aanvaar analoogseine, sit hulle om in digitale simbole en verwerk hulle in ...

A datavorm
B inligtingsvorm
C afvoervorm
D Geeneen van die bogenoemde

1.1.8 Die tegniek waarvolgens 'n fout in 'n stelsel sistematies geïdentifiseer, geïsoleer en gekorrigeer word.

A Programmeerlogika
B Geïntegreerde baan
C Foutopsporing
D Geeneen van die bogenoemde

1.1.9 Die OIV-laag word in sewe lae verdeel.

Watter EEN is NIE een daarvan nie?

A Netwerk
B Dataverbinding
C Topologie
D Voorstelling

1.1.10 As data permanent uit 'n rekenaargeheue verwyder word en NIE herwinbaar is nie, word dit ... genoem.

A sagte skrapping
B rommelskrapping
C harde kopie
D harde skrapping

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.2 Bestudeer die Boole-simbool hier onder en beantwoord die vrae.



3-input OR Gate

1.2.1 Skryf die Boole-uitdrukking vir die 3-invoer-OF-hek. (3)

1.2.2 Teken 'n waarheidstabel vir die Boole-uitdrukking in VRAAG 1.2.1. (8)

1.2.3 Ontleed die Boole-uitdrukking Q = $\overline{A+B+C+D}$ en skets die simbool van die uitdrukking. (5)

[36]

TOTAAL AFDELING A: 36

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Wat beteken die term *rekenaargeletterdheid*? (1)

2.2 'n Drukker is die gewildste afvoerrandtoestel wat papierkopieë voortbring.

Noem TWEE soorte drukkers. (2)

2.3 Noem TWEE kategorieë van sagteware. (2)

2.4 Noem TWEE voorbeelde van die kategorieë van sagteware in VRAAG 2.3. (4)

2.5 Noem VIER operasies wat deur 'n SVE uitgevoer word. (4)

2.6 Wat is die funksie van 'n rekenaarbus? (1)

2.7 Noem DRIE soorte rekenaarbusse. (3)

[17]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Jy wil toegang tot Windows Explorer op jou rekenaar verkry.

Verduidelik in die regte volgorde die prosedure waarvolgens mens toegang tot Windows Explorer verkry. (3)

3.2 Verduidelik kortliks watter invloed elk van die volgende op 'n rekenaar het:

3.2.1 Kompressie

3.2.2 Skyfdefragmenteerder

(2 × 1) (2)

3.3 Noem enige VYF lêers waarna skyfskoonmaaksoektogte op die hardeskyf soek om meer skyfspasie beskikbaar te stel. (5)

3.4 Noem VYF algemene drukkerprobleme. (5)

3.5 Verduidelik wat die term *fermware* beteken. (2)

[17]

VRAAG 4

4.1 Gee TWEE voorbeelde van antivirusprogramme. (2)

4.2 Noem TWEE gewone tipes rekenaarvirusse. (2)

4.3 E-pos-netiket skryf voor hoe mens jou in elektroniese kletskamers en met die stuur van kitsboodskappe moet gedra.

Noem VYF e-posnetiketvoorskrifte wat mens moet gehoorsaam as jy aanlyn klets. (5)

4.4 Noem die doel van die volgende rekenaartoepassings:

4.4.1 Microsoft Excel

4.4.2 Microsoft PowerPoint

4.4.3 Microsoft Outlook

(3 × 2) (6)

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Verduidelik wat die term *webwerf* beteken. (1)

5.2 Noem VIER komponente van 'n BA (of *URL*) en gee 'n voorbeeld daarvan. (4)

5.3 Teken 'n eenvoudige diagram om die verband tussen webblaaie, webwerwe en webbedieners te verduidelik. (6)

5.4 Verduidelik wat 'n *modem* is. (2)

5.5 Skryf die volgende akronieme volledig uit:

5.5.1 DSL

5.5.2 ADHL

(2 × 1) (2)
[15]

TOTAAL AFDELING B: 64
GROOT TOTAAL: 100

NCCV

Kopiereg voorbehou